HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT SWEM

By Hoërskool Waterkloof streef ons daarna om elke swemmer se talente ten volle te ontwikkel. Die sukses en gees van swem by die skool lê in die organisasie, bestuur en topgehalte afrigting. Muller van der Nest (Direkteur: Kleinsporte) in samewerking met die afrigter (Gerhard Zandberg) neem hierdie sportsoort na hoër hoogtes. Daar is reeds duidelike vordering onder die swemmers sigbaar. Die harde werk van elke swemmer dra by tot die gees en sukses van swem by die skool.

DOELWITTE

Die visie vir swem is om die nommer 1-swemskool in die land te wees. Daar moet 'n aansteeklike gees onder die swemmers wees. Ons streef daarna om 'n kultuur waar leerders en ouers mekaar ondersteun, te skep, om wêreldklasafrigting aan te bied, na topfasiliteite en na massa- en prestasiedeelname.

AFRIGTING

Die Olimpiese swemmer, Gerhard Zandberg, sien toe dat swemmers wêreldklasafrigting ontvang.

KLOFIES SWEM

NAVRAE

Muller van der Nest
Direkteur: Kleinsporte
muller.vandernest@klofies.co.za

DEELNAME

Klofie-swemmers neem aan junior- en/of seniorgalas, Interhoër en vriendskaplike galas deel. Daar is ook jaarliks 'n groep swemmers wat die Midmar-myl swem.

KOSTES

Koste is slegs vir toere en kampe wat swemmers meemaak, betaalbaar.

OEFENTYE

Formele swemoefening sal weer in Augustus by St. Mary's DSG afskop. Daar is 'n skoolbussie wat die swemmers heen en weer vervoer.
Oggendsessies: Dinsdae, Donderdae en Vrydae vanaf 05:00 tot 06:00. Die bussie vertrek stiptelik om 04:45 vanaf die Sportburo.
Middagsessies: Maandae, Dinsdae, Woensdae en Vrydae van 17:00 tot ongeveer 18:00. Die bussie vertrek 17:00 vanaf die Sportburo en kom weer tussen 18:00 en 18:30 terug (afhangende van die tydsduur van die sessie).

#grensloos